Reëls vir die Aanstelling van Ampsdraers

Verwysingsnommer	1P_1.4
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Registrateur
Beleideienaar	Registrateur en Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur
Verantwoordelike afdeling	Korporatiewe en Inligtingsbestuursdienste Mense en Kultuur
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	Eerste goedkeuring deur die Raad: 27 April 2017 Die Raad het op 27 September 2018 'n wysiging goedgekeur aan paragraaf 3.1.16 Die Raad het op 18 September 2021 'n wysiging goedgekeur aan paragraaf 3.2.2
Wysigings	Nuwe beleid wat die Reëls vir die Aanstelling van Senior Bestuurders vervang
Datum van wysigings	27 September 2018 18 November 2021
Hersieningsdatum	2024

Registrateur/Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur

REËLS VIR DIE AANSTELLING VAN AMPSDRAERS

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit ("NWU"), ooreenkomstig die bepalings van die Statuut van die NWU, hierdie Reëls vir die Aanstelling van Ampsdraers op 24 April 2017 aanvaar.

1 Vertolking en toepassings

Hierdie reëls moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997

1.3 Statuut van die Noordwes-Universiteit (2017) ("die Statuut");

1.4 Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1995;

1.5 Wet op Indiensnemingsgelykheid, 55 van 1998; en

1.6 Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75 van 1997.

2 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die Noordwes-Universiteit (NWU) om 'n optimale proses te volg vir die werwing, keuring en aanstelling van die volgende ampsdraers in ooreenstemming met die bepalings van die Statuut, in die besonder paragrawe 7(1)(c), 7(7) en 42 tot 62 daarvan:

2.1 Visekanselier (par 42);

2.2 Adjunkhoof (par 49);

2.3 Adjunkvisekanseliers (par 51);

2.4 Registrateur (par 53);

2.5 Uitvoerende Direkteurs (par 55);

2.6 Die Interne Ouditeur (soos bedoel in par 7(5)(a)(ii));

2.7 Uitvoerende Dekane (par 57);

2.8 Adjunkdekane (par 59); en

2.9 Akademiese Direkteurs (par 61).

3 Reëls

3.1 Prosedure vir die aanstelling van ampsdraers aangewys deur die Raad

3.1.1 Minstens drie maande voor die datum van 'n vakature ten opsigte van enige van die ampsdraers soos bedoel in 2.1 tot 2.6 hierbo, of so gou as moontlik nadat so 'n amp voor die verstryking van die termyn vakant geraak het, stel die Registrateur alle lede van die Raad, die Senaat en die Institusionele Forum van sodanige vakature in kennis.

3.1.2 Enige persoon wat 'n kandidaat vir aanstelling is, moet hom-/haarself aan voorbereidende en besluitnemingsverrigtinge onttrek.

3.1.3 So gou moontlik na ontvangs van die Registrateur se kennisgewing van 'n vakature bring die Raad 'n keuringspaneel tot stand wat saamgestel word in ooreenstemming met 3.2 hieronder.

3.1.4 Op advies van die Uitvoerende Direkteur van Mense en Kultuur en in die geval van die Visekanselier op advies van die Universiteit se Bestuurskomitee, hersien die keuringspaneel die formulering van die minimum vereistes vir die pos, die posprofiel, enige addisionele keuringskriteria voorgestel deur die keuringspaneel, en die advertensie vir die vakature.

3.1.5 Die Uitvoerende Direkteur van Mense en Kultuur sien toe dat 'n advertensie vir die vul van die vakature gepubliseer word in ooreenstemming met die formulering in 3.1.4.

3.1.6 Na ontvangs van alle aansoeke in reaksie op die advertensie word 'n voorlopige evaluering van die aansoeke gedoen deur die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur en die betrokke bestuurshoof, met inagname van die minimum vereistes vir die pos. Die registrateur rapporteer die uitkoms aan die keuringspaneel.

3.1.7 Die keuringspaneel vergader vir 'n voorlopige evaluering van alle aansoeke wat ontvang is in reaksie op die advertensie, en om met die oog op onderhoude 'n kortlys op te stel van die aansoekers wat aan die minimum vereistes, profiel en ander keuringskriteria voldoen wat deur die Raad gestel is ooreenkomstig 3.1.4 hierbo.

3.1.8 Die Registrateur stuur die formulering soos bedoel in 3.1.4 en die aansoeke en curricula vitae van die kandidate op die kortlys aan die oorlegplegingstrukture soos bedoel in 4 hieronder met die versoek dat hulle 'n mening uitspreek deur per geslote stembrief te stem oor die geskiktheid vir aanstelling van die gekortlyste kandidate.

3.1.9 Die Registrateur rapporteer die uitkoms van die oorlegpleging met die oorlegplegingstrukture aan die keuringspaneel.

3.1.10 Indien een of meer van die oorlegplegingstrukture van mening is dat geen geskikte aansoek ontvang is nie, adviseer die paneel die Raad oor of die pos weer geadverteer moet word.

3.1.11 Psigometriese evaluerings van gekortlyste kandidate sal gedoen word in ooreenstemming met die NWU se Werwings- en Keuringsbeleid in die Mense en Kultuur-portefeulje, altyd onderworpe aan die bepalings van die Wet op Billike Indiensneming, 55 van 1998.

3.1.12 Voor die onderhoud van enige kandidaat moet die keuringspaneel eers 'n stel spesifieke vrae identifiseer wat voorgestel word deur die bestuurder aan wie die aangestelde sal verslag doen (of in die geval van die aanstelling van 'n Visekanselier, die Voorsitter van die Raad), soos aanbeveel deur die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur, waarop al die kandidate se onderhoude sal fokus.

3.1.13 Onderhoude met gekortlyste kandidate word deur die keuringspaneel gevoer op 'n datum soos gereël deur die Registrateur in oorleg met die lede van die keuringspaneel.

3.1.14 Die keuringspaneel maak 'n aanbeveling m.b.t. die aanstelling van 'n geskikte kandidaat aan die Raad, of, indien die paneel bevind dat geeneen van die kandidate geskik is om in die geadverteerde pos aangestel te word nie, dat die pos weer geadverteer word.

3.1.15 Na oorleg met die aanbevole kandidaat bepaal die Raad die tyd en wyse van openbaarmaking van die uitkoms, en bepaal voorts op advies van die Raad se Uitvoerende Komitee die ampstermyn en diensvoorwaardes vir die doeleindes van die indiensnemingskontrak, welke proses deur die Registrateur geadministreer word.

3.1.16 Indien 'n vakature ontstaan vir die posisie van Adjunkhoof, word die volgende prosedure gevolg:

3.1.16.1 die Visekanselier lê 'n benoeming van 'n Adjunk-visekanselier skriftelik aan die Registrateur voor, vir aanstelling deur die Raad as Adjunkhoof, met motivering vir die benoeming ten opsigte van die bestuurs-, administratiewe en toesighoudende vaardighede wat vir die posisie vereis word;

3.1.16.2 die Registrateur stuur die benoeming aan die Voorsitter van die Raad, wat dit aan die Raad se UK voorlê vir oorweging;

3.1.16.3 indien die Raad se UK die benoeming goedkeur, stuur die Registrateur die naam van die benoemde betyds aan die betrokke oorlegplegingstrukture soos bedoel in 4 hieronder met die versoek dat hulle 'n mening uitspreek deur per geslote stembrief te stem oor die geskiktheid vir aanstelling van die benoemde as Adjunkhoof;

3.1.16.4 na afhandeling van die oorlegplegingsproses maak die Raad se UK 'n aanbeveling aan die Raad;

3.1.16.5 wanneer die Raad besluit om 'n Adjunk-visekanselier as Adjunkhoof aan te stel, word die prosedure soos bedoel in 3.1.15 ("keuringspaneel" dui in 3.1.15 op die "Raad se UK") gevolg.

3.2 Samestelling van die keuringspaneel vir die aanstelling van ampsdraers deur die Raad

3.2.1 Die keuringspaneel – wat in ooreenstemming met 3.1.2 hierbo deur die Raad tot stand gebring word vir die aanstelling van die Visekanselier – se samestelling is soos volg:

Voorsitter van die Raad	Voorsitter van die keuringspaneel
Lede van die Raad se UK	Twee van die eksterne lede van die Raad se UK
Raadslede	Een eksterne lid van die Raad
Lid wat deur die Senaat aangewys is	Lid van die Senaat wat aangestel is ná 'n geldige benoemings- en verkiesingsproses
Lid wat deur die IF aangewys is	Lid van die IF wat aangestel is ná 'n geldige benoemings- en verkiesingsproses
Eksterne kundige	'n Persoon wat nie 'n werknemer van die NWU is of in enige korporatiewebestuurstrukture dien nie, en wat oor bewese kennis en ervaring van 'n hoëronderwysinstansie beskik

3.2.2 Die keuringspaneel – wat in ooreenstemming met 3.1.2 hierbo deur die Raad tot stand gebring word vir die aanstelling van 'n Adjunkhoof, Adjunkvisekanselier, Registrateur, Uitvoerende Direkteur of die Interne Ouditeur – se samestelling is soos volg:

Voorsitter van die Raad	Voorsitter van die keuringspaneel
Lede van die Raad se UK	Twee van die eksterne lede van die Raad se UK
Raadslede	Een eksterne lid van die Raad
Lid wat deur die Senaat aangewys is	Lid van die Senaat wat aangestel is ná 'n geldige benoemings- en verkiesingsproses
Lid wat deur die IF aangewys is	Lid van die IF wat aangestel is ná 'n geldige benoemings- en verkiesingsproses
Visekanselier	Visekanselier
Eksterne kundige	'n Persoon wat nie 'n werknemer van die NWU is of in enige korporatiewebestuurstrukture dien nie, en wat oor bewese kennis en ervaring van 'n hoëronderwysinstansie beskik

3.2.3 Die Raad, Senaat en IF wys 'n sekundus aan vir elke lid van 'n keuringspaneel, sodat dié persone in die paneel kan dien vir ingeval 'n aangestelde lid, vir 'n goeie rede, nie daaraan kan deelneem nie.

3.2.4 Indien dit nie vir die Visekanselier moontlik is om deel te neem aan 'n keuringspaneel wat tot stand gebring is in ooreenstemming met 3.2.2 hierbo nie, tree die Adjunkhoof as sy/haar sekundus op.

3.2.5 Indien dit vir 'n lid van die keuringspaneel onmoontlik raak om voort te gaan om deel te neem aan die funksies van die paneel, word sodanige lid nie vervang nie; die paneel moet dan besluit of sy werksaamhede voortgesit kan word sonder dat die paneel hersaamgestel word.

3.2.6 Die registrateur en die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur woon al die verrigtinge van die keuringspaneel in 'n adviserende hoedanigheid by.

3.3 Prosedure vir die aanstelling van uitvoerende dekane en adjunkdekane

3.3.1 Minstens drie maande voor die datum van 'n vakature ten opsigte van enige van die ampte van dekaan of adjunkdekaan, of so gou as moontlik nadat so 'n amp voor die verstryking van die termyn vakant geraak het, stel die Visekanselier in die geval van 'n dekaan, en die verantwoordelike Adjunkvisekanselier in die geval van 'n Adjunkdekaan, die Senaat, die betrokke fakulteitsraad, en die institusionele forum van die vakature in kennis.

3.3.2 So gou moontlik na kennisgewing van die vakature ten opsigte van par 3.3.1 sorg die Visekanselier, of die Adjunkvisekanselier, na gelang van die geval, dat ŉ keuringspaneel tot stand gebring word wat saamgestel word in ooreenstemming met 3.5.1 hieronder.

3.3.3 Op advies van die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur formuleer die Visekanselier, of die Adjunkvisekanselier, na gelang van die geval, die minimum vereistes vir die pos, die posprofiel en enige addisionele keuringskriteria, sowel as ŉ advertensie vir die vul van die vakature vir hersiening en goedkeuring deur die keuringspaneel.

3.3.4 Die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur sien toe dat ŉ advertensie vir die vul van die vakature gepubliseer word in ooreenstemming met die formulering in 3.3.3.

3.3.5 Na ontvangs van alle aansoeke in reaksie op die advertensie word ŉ voorlopige evaluering van die aansoeke gedoen deur die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur en die betrokke bestuurshoof, met inagname van die minimum vereistes vir die pos.

3.3.6 Die keuringspaneel vergader vir ŉ voorlopige evaluering van alle aansoeke wat ontvang is in reaksie op die advertensie, en om met die oog op onderhoude ŉ kortlys op te stel van die aansoekers wat aan die minimum vereistes, profiel en ander keuringskriteria voldoen wat gestel is ooreenkomstig 3.3.3 hierbo.

3.3.7 Die Registrateur stuur die formulering soos bedoel in 3.3.3 en die aansoeke en curricula vitae van die kandidate op die kortlys aan die oorlegplegingstrukture soos bedoel in 4 hieronder met die versoek dat hulle ŉ mening uitspreek deur per geslote stembrief te stem oor die geskiktheid vir aanstelling van die gekortlyste kandidate.

3.3.8 Die Registrateur rapporteer die uitkoms van die oorlegpleging met die oorlegplegingstrukture aan die keuringspaneel.

3.3.9 Indien een of meer van die oorlegplegingstrukture van mening is dat geen geskikte aansoek ontvang is nie, adviseer die paneel die Visekanselier, of die Adjunkvisekanselier, na gelang van die geval, oor óf die pos weer geadverteer moet word.

3.3.10 Psigometriese evaluerings van gekortlyste kandidate sal gedoen word in ooreenstemming met die NWU se Werwings- en Keuringsbeleid in die Mense en Kultuur-portefeulje, altyd onderworpe aan die bepalings van die Wet op Billike Indiensneming, 55 van 1998.

3.3.11 Voor die onderhoud van enige kandidaat moet die keuringspaneel eers ŉ stel spesifieke vrae identifiseer wat voorgestel word deur die bestuurder aan wie die aangestelde sal verslag doen, soos aanbeveel deur die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur, waarop al die kandidate se onderhoude sal fokus.

3.3.12 Onderhoude met gekortlyste kandidate word deur die keuringspaneel gevoer op ŉ datum soos gereël deur die Registrateur in oorleg met die lede van die betrokke keuringspaneel.

3.3.13 Die keuringspaneel maak ŉ aanbeveling m.b.t. die aanstelling van ŉ geskikte kandidaat aan die Visekanselier, of die Adjunkvisekanselier, na gelang van die geval, of, indien die paneel bevind dat geeneen van die kandidate geskik is om in die geadverteerde pos aangestel te word nie, dat die pos weer geadverteer word.

3.3.14 Die Visekanselier, of die Adjunk-visekanselier, na gelang van die geval. Na oorleg met die aanbevole kandidaat en op advies van die keuringspaneel bepaal die Uitvoerende Dekaan die ampstermyn en diensvoorwaardes vir doeleindes van die indiensnemingskontrak, welke proses deur die Registrateur geadministreer word.

3.4 Prosedure vir die aanstelling van Akademiese Direkteurs

3.4.1 Minstens drie maande voor die datum van ŉ vakature ten opsigte van die amp van ŉ akademiese direkteur, of so gou as moontlik nadat so ŉ amp voor die verstryking van die termyn vakant geraak het, stel die betrokke Uitvoerende Dekaan die betrokke Adjunkvisekanselier, Senaat en die betrokke fakulteitsraad van die vakature in kennis.

3.4.2 So gou moontlik nadat kennis gegee is van die vakature sien die adjunkvisekanselier toe dat ŉ keuringspaneel tot stand gebring word wat saamgestel word in ooreenstemming met 3.5.1 hieronder.

3.4.3 Op advies van die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur formuleer die uitvoerende dekaan die minimum vereistes vir die pos, die posprofiel en enige addisionele keuringskriteria, sowel as ŉ advertensie vir die vul van die vakature vir hersiening en goedkeuring deur die keuringspaneel.

3.4.4 Die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur sien toe dat ’n advertensie vir die vul van die vakature gepubliseer word in ooreenstemming met die formulering in 3.4.3.

3.4.5 Na ontvangs van alle aansoeke in reaksie op die advertensie word ’n voorlopige evaluering van die aansoeke gedoen deur die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur en die Uitvoerende Dekaan, met inagname van die minimum vereistes vir die pos.

3.4.6 Die keuringspaneel vergader vir ’n voorlopige evaluering van alle aansoeke wat ontvang is in reaksie op die advertensie, en om met die oog op onderhoude ’n kortlys op te stel van die aansoekers wat aan die minimum vereistes, profiel en ander keuringskriteria voldoen wat gestel is ooreenkomstig 3.4.3 hierbo.

3.4.7 Die Registrateur stuur die formulering soos bedoel in 3.4.3 en die aansoeke en curricula vitae van die kandidate op die kortlys aan die oorlegplegingstrukture soos bedoel in 4.2 hieronder met die versoek dat hulle ’n mening uitspreek deur per geslote stembrief te stem oor die geskiktheid vir aanstelling van die gekortlyste kandidate.

3.4.8 Die Registrateur rapporteer die uitkoms van die oorlegpleging met die oorlegplegingstrukture aan die keuringspaneel.

3.4.9 Indien een of meer van die oorlegplegingstrukture van mening is dat geen geskikte aansoek ontvang is nie, adviseer die paneel die uitvoerende dekaan oor of die pos weer geadverteer moet word.

3.4.10 Psigometriese evaluerings van gekortlyste kandidate sal gedoen word in ooreenstemming met die NWU se Werwings- en Keuringsbeleid in die Mense en Kultuur-portefeulje, altyd onderworpe aan die bepalings van die Wet op Billike Indiensneming, 55 van 1998.

3.4.11 Voor die onderhoud van enige kandidaat moet die keuringspaneel eers ’n stel spesifieke vrae identifiseer wat voorgestel word deur die uitvoerende dekaan, soos aanbeveel deur die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur, waarop al die kandidate se onderhoude sal fokus.

3.4.12 Onderhoude met gekortlyste kandidate word deur die keuringspaneel gevoer op ’n datum soos gereël deur die Registrateur in oorleg met die keuringspaneel.

3.4.13 Die keuringspaneel maak ’n aanbeveling m.b.t. die aanstelling van ’n geskikte kandidaat aan die Uitvoerende Dekaan, of, indien die paneel bevind dat geeneen van die kandidate geskik is om in die geadverteerde pos aangestel te word nie, dat die pos weer geadverteer word.

3.4.14 Na oorleg met die aanbevole kandidaat en op advies van die keuringspaneel bepaal die Uitvoerende Dekaan die ampstermyn en diensvoorwaardes vir doeleindes van die indiensnemingskontrak, welke proses deur die Registrateur geadministreer word.

3.5 Samestelling van keuringspanele vir die aanstelling van Uitvoerende Dekane, Adjunkdekane en Akademiese Direkteurs

3.5.1 Die keuringspanele tot stand gebring deur die Raad in ooreenstemming met 3.3.2 en 3.4.2 hierbo, is soos volg saamgestel:

Uitvoerende Dekane en Adjunkdekane	Voorsitter: Visekanselier Beide Adjunkvisekanselier vir die aanstelling van ’n Uitvoerende Dekaan Adjunkvisekanselier vir die aanstelling van Adjunkdekane (AD met navorsingsverantwoordelikheid – AVK:NI; AD met OL-verantwoordelikheid – AVK:OL) ’n Aangewese persoon van die Fakulteitsraad, ’n aangewese persoon van die Senaat en ’n aangewese persoon van die Institusionele Forum (na voltooiing van die proses wat by die betrokke struktuur gevolg is vir benoeming en verkiesing) Die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur of sy/haar aangewesene
Akademiese Direkteurs	Voorsitter: Betrokke Adjunkvisekanselier Betrokke Uitvoerende Dekaan of sy/haar aangewesene ’n Aangewese persoon van die Fakulteitsraad en ’n aangewese persoon van die Senaat (na voltooiing van die proses wat by die betrokke struktuur gevolg is vir benoeming en verkiesing) Die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur of sy/haar aangewesene

3.5.2 Die betrokke keuringspaneel kan 'n addisionele persoon met tersaaklike kundigheid of ervaring nooi om op die paneel te dien.

3.5.3 Die Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur of sy/haar aangewesene woon al die verrigtinge van die keuringspaneel in 'n adviserende hoedanigheid by.

4 Oorlegplegingstrukture

Die oorlegplegingstrukture soos bedoel in 3 hierbo is die volgende:

4.1 Vir die aanstelling van die Visekanselier, die Adjunkhoof, 'n Adjunkvisekanselier, die Registrateur, en Uitvoerende Direkteur en die Interne Ouditeur;

Verwysing na Statuut	Vlak	Oorlegplegingstruktuur	Aanstellingsgesag
Par 44(1)	Visekanselier	• Senaat • Institusionele Forum	Raad
Par 50(1)	Adjunkhoof	• Visekanselier • Senaat • Institusionele Forum	Raad
Par 52(1)	Adjunkvisekanseliers	• Visekanselier • Senaat • Institusionele Forum	Raad
Par 54(1)	Registrateur	• Visekanselier • Senaat • Institusionele Forum	Raad
Par 56(1)	Uitvoerende Direkteurs	• Visekanselier • Senaat • Institusionele Forum	Raad
Par 7(5)(a)(ii)	Interne Ouditeur	• Visekanselier • Registrateur • Institusionele Forum	Raad

4.2 Vir die aanstelling van 'n Uitvoerende Dekaan, 'n Adjunkdekaan en 'n Akademiese Direkteur:

Verwysing na Statuut	Vlak	Oorlegplegingstruktuur	Aanstellingsgesag
Par 58(1)	Uitvoerende Dekane	• Alle Adjunkvisekanseliers • Senaat • Die fakulteitsraad ten opsigte waarvan die aanstelling oorweeg moet word • Institusionele Forum	Visekanselier
Par 60(1)	Adjunkdekane	• Betrokke Uitvoerende Dekaan • Senaat • Die fakulteitsraad ten opsigte waarvan die aanstelling oorweeg moet word • Institusionele Forum	Adjunk-visekanselier
Par 62(1)	Akademiese Direkteurs	• Betrokke Adjunkdekaan • Die fakulteitsraad ten opsigte waarvan die aanstelling oorweeg moet word • Senaat	Verantwoordelike Uitvoerende Dekaan

5 Aanstelling vir ’n volgende ampstermyn

5.1 ’n Ampsdraer wie se termyn verstryk, is nie outomaties daarop geregtig om vir ’n verdere termyn in dieselfde posisie aangestel te word nie.

5.2 Indien ’n dienende ampsdraer kwalifiseer om vir ’n volgende termyn in dieselfde posisie aangestel te word, geld dieselfde prosedures as wat van toepassing is op die vul van ’n vakature soos hierbo uiteengesit, behoudens 5.3.

5.3 Indien ’n keuringspaneel soos bedoel in 3.1.2 bepaal dat beduidende wysigings aan die formulering t.o.v. 3.1.3 van die minimum vereistes, die posprofiel of enige ander keuringskriteria vir die pos nie nodig is nie, kan die paneel:

5.3.1 versoek dat die Raad ’n besluit neem dat die registrateur se kennisgewing t.o.v. 3.1.1 in die plek kom van die advertensie soos bedoel in 3.1.4, en

5.3.2 dat die psigometriese evaluering soos bedoel in 3.1.10 vervang word deur ’n evaluering van die prestasie van die posbekleër gedurende die huidige ampstermyn,

5.3.3 wat dan ingesluit moet word in die dokumentasie soos bedoel in 3.1.7.

Oorspronklike gegewens: (11664754) P:\Policies\2021\1P_1.4\Reëls vir die aanstelling van ampsdraers.docm
1 Desember 2021

Verwysingsnommer: 1P_1.4